SA Game & Hunt, 7(5), May 2001.



# Maart veilings spring goed weg

Die eerste boma-veiling van die seisoen, dié van Coena Smit van Waterberg Game Dealers is op 19 Maart 2001 op Vaalwater deur Vleissentraal aangebied teen gemiddelde pryse wat in die meeste gevalle hoër was as dié van 2000.

By die katalogus-veiling van Transvaal Wildvereniging, ook deur Vleissentraal gehou by die Wild Expo in Pretoria op 24 Maart 2001 was die pryse ook in die algemeen hoër as dié van 2000. Koedoes, waterbokke en renosters se pryse het laer geneig. 'n Nuwe SA rekordprys van R83 000.00 is vir swartwitpens behaal. Die afslaer was Willie Roux.

'n Deel van hierdie veiling het die aanbied van boma-wild van Louis Fourie behels, waar videobeelde van die diere op 'n skerm vertoon is. Hier is ook goeie pryse behaal met die uitsondering van blouwildebeeste en eland. 'n Nuwe SA rekordprys van R18 200.00 is egter vir 'n basterhartbees (tsessebe) behaal.

Die groot verrassing so vroeg in die seisoen is die katalogusveiling van Vrystaatse Natuurbewaring by die Willem Pretorius-wildveiling op 31 Maart 2001, ook 'n Vleissentraalveiling. Elke klou is verkoop teen 'n omset van R8 583 170.00 (wildvangkonsessies R1 040 000.00 en privaatverkope R750 000.00) vir die wild en R2 171 650.00 vir 142 jagpakkette. Die duurste jagpakket het gegaan vir R48 [illegible]00 vir net 1 rooihartbees, 1 blesbok, 2 elande, 1 gemsbok, 1 koedoe en 1 rietbok.



Mike Killassy

Die gemiddelde pryse van die wild op die veiling was goed, met die uitsondering van buffels, blou- en swartwildebeeste, rooihartbees en blesbok. Goeie pryse is behaal vir swartwitpens, koedoe, rooibok en vir 'n 12-maande leeu.

'n Besondere kenmerk van die veiling was die verkoop van skaars 1 000 grootbek geelvisvingerlinge teen R2.50 stuk.

Dit was die grootste wildveiling ooit deur Vleissentraal en ook die grootste wat Vrystaat Natuurbewaring nog aangebied het. Mike Killassy op die rostrum het 'n professionele vertoning gelewer.

Die privaatveiling van Nico Roux by Rustenburg het ook gemiddeld beter pryse opgelewer as die gemiddelde pryse van 2000. Die uitsonderings was by bosbok, buffel en steenbok, waar die pryse ietwat laer was.

WATERBERG GAME DEALERS – ALLDAYS 19 MAART 2001

| Spesie | Aantal | Gem. prys | Hoogste prys |
|---|---|---|---|
| Blouwildebees | 29 | R2 617.00 | R3 200.00 |
| Eland | 1 | R6 300.00 | R6 300.00 |
| Gemsbok | 13 | R3 976.00 | R4 000.00 |
| Kameelperd | 3 | R13 000.00 | R13 000.00 |
| Koedoe | 10 | R1 855.00 | R2 450.00 |
| Rooibok | 129 | R491.00 | R1 075.00 |
| Rooihartbees | 7 | R4 985.00 | R5 200.00 |
| Sebra | 7 | R2 628.00 | R2 900.00 |
| Waterbok | 4 | R4 950.00 | R5 100.00 |
| OMSET: | | | R329 475.00 |

TRANSVAAL WILD KATALOGUS VEILING – PRETORIA WILD EXPO – 24 MAART 2001

| Spesie | Aantal | Gem. prys | Hoogste prys |
|---|---|---|---|
| Bastergemsbok | 3 | R120 000.00 | R120 000.00 |
| Bosbok | 8 | R3 075.00 | R3 100.00 |
| Buffelbulle | 4 | R54 250.00 | R66 000.00 |
| Duiker | 6 | R1 000.00 | R1 000.00 |
| Eland | 29 | R4 896.00 | R7 000.00 |
| Gemsbok | 21 | R3 133.00 | R3 200.00 |
| Koedoe | 28 | R1 575.00 | R1 600.00 |
| Njala | 10 | R8 000.00 | R8 000.00 |
| Renoster (wit) | 3 | R156 666.00 | R160 000.00 |
| Rietbok | 20 | R4 000.00 | R4 000.00 |
| Rooibok | 25 | R600.00 | R600.00 |
| Rooiribbok | 20 | R1 300.00 | R1 300.00 |
| Steenbok | 4 | R1 600.00 | R1 600.00 |
| Swartwitpens (SA rekord) | 10 | R75 950.00 | R83 000.00 |
| Swartwitpens bulle | 6 | R30 833.00 | R42 500.00 |
| Waterbok | 14 | R3 800.00 | R3 800.00 |
| OMSET: | | | R2 534 600.00 |

TRANSVAAL WILD/LOUIS FOURIE HOKVEILING – PRETORIA WILD EXPO – 24 MAART 2001

| Spesie | Aantal | Gem. prys | Hoogste prys |
|---|---|---|---|
| Basterhartbees | 9 | R16 500.00 | R18 200.00 |
| SA REKORD | | | |
| Blesbok | 51 | R792.00 | R850.00 |
| Blouwildebees | 17 | R2 129.00 | R2 200.00 |
| Eland | 25 | R4 680.00 | R5 000.00 |
| Gemsbok | 15 | R3 880.00 | R4 500.00 |
| Kameelperd bulle | 2 | R8 125.00 | R9 250.00 |
| Koedoe | 35 | R2 917.00 | R5 100.00 |
| Rooibok | 54 | R618.00 | R700.00 |
| Rooihartbees | 23 | R2 830.00 | R3 300.00 |
| Sebra | 6 | R2 633.00 | R3 100.00 |
| Vlakvark | 2 | R600.00 | R600.00 |
| Waterbok | 36 | R4 450.00 | R5 700.00 |
| OMSET: | | | R794 350.00 |

VRYSTAAT OMGEWINGSAKE – WILLEM PRETORIUS WILDTUIN – 31 MAART 2001

| Spesie | Aantal verkoop | Hoogste | Laagste | Gem |
|---|---|---|---|---|
| Buffel | 45 | R100 000.00 | R75 000.00 | R81 989.00 |
| Swartwildebees | 355 | R3 100.00 | R1 700.00 | R2 120.00 |
| Swartwitpense | 5 | R80 000.00 | R80 000.00 | R80 000.00 |
| Wit Renoster | 4 | R100 000.00 | R65 000.00 | R70 000.00 |
| Eland | 75 | R4 400.00 | R3 000.00 | R3 640.00 |
| Springbok | 685 | R460.00 | R280.00 | R365.00 |
| Basterhartbees | 15 | R15 500.00 | R11 000.00 | R12 667.00 |
| Rooihartbees | 60 | R3 100.00 | R2 700.00 | R2 850.00 |
| Vlakte Zebra | 41 | R3 700.00 | R2 800.00 | R3 412.00 |
| Gemsbok | 40 | R3 600.00 | R3 000.00 | R3 420.00 |
| Blouwildebees | 60 | R3 100.00 | R1 500.00 | R1 907.00 |
| Kudu | 30 | R3 200.00 | R2 800.00 | R3 063.00 |
| Blesbok | 130 | R600.00 | R425.00 | R502.00 |
| Volstruis | 60 | R775.00 | R700.00 | R710.00 |
| Rooiribbok | 25 | R1 300.00 | R1 200.00 | R1 272.00 |
| Leeu | 3 | R16 000.00 | R5 500.00 | R9 333.00 |
| Kameelperd | 2 | R13 500.00 | R13 000.00 | R13 250.00 |
| Rooibok | 20 | R900.00 | R850.00 | R825.00 |
| Impala | 15 | R800.00 | R700.00 | R783.00 |
| Duiker | 10 | R1 200.00 | R950.00 | R1 070.00 |
| Geelvis (vingerlinge) | 1000 | R2.50 | R2.50 | R2.50 |
| Springhaas | 20 | R60.00 | R60.00 | R60.00 |
| OMSET LEWENDIGE WILD INSLUITENDE WILDVANG KONSESSIES VIR 905 DIERE | | | | R 7 833 170.00 |
| OMSET JAGTE | | | | R 2 171 650.00 |
| OMSET WILLEM PRETORIUS WILDTUIN | | | | R10 004 820.00 |
| OMSET PRIVAAT VERKOPERS | | | | R750 000.00 |
| TOTALE OMSET | | | | R10 754 820.00 |

WATERBERG GAME DEALERS – VAALWATER – 7 APRIL 2001

| Spesie | Aantal | Gem | Hoogste |
|---|---|---|---|
| Blesbok | 33 | R846.00 | R950.00 |
| Blouwildebees | 41 | R2 160.00 | R2 300.00 |
| Buffelbul | 1 | R92 000.00 | R92 000.00 |
| Eland | 33 | R4 621.00 | R8 500.00 |
| Gemsbok | 3 | R4 000.00 | R4 000.00 |
| Kameelperd | 2 | R13 750.00 | R13 750.00 |
| Koedoe | 4 | R3 425.00 | R6 500.00 |
| Rietbok | 7 | R2 600.00 | R2 600.00 |
| Rooibok | 106 | R756.00 | R1 750.00 |
| Rooihartbees | 41 | R3 523.00 | R4 300.00 |
| Sebra | 6 | R3 733.00 | R4 000.00 |
| Swartwitpens bul | 2 | R32 000.00 | R32 000.00 |
| Waterbok | 15 | R5 413.00 | R6 400.00 |
| Totaal | 294 | | |
| OMSET: | | | R824 375.00 |

NICO ROUX – RUSTENBURG – 7 APRIL 2001

| Spesie | Getal verkoop | Hoogste | Laagste | Gem |
|---|---|---|---|---|
| Blesbok | 129 | R1 250.00 | R650.00 | R950.00 |
| Blouwildebees | 24 | R3 400.00 | R2 400.00 | R2 783.00 |
| Bosbok | 5 | R2 600.00 | R2 100.00 | R2 300.00 |
| Buffelbul | 2 | R85 000.00 | R69 000.00 | R77 000.00 |
| Eland | 45 | R10 000.00 | R4 200.00 | R7 100.00 |
| Gemsbok | 29 | R4 000.00 | R3 200.00 | R3 624.00 |
| Kameelperd | 11 | R18 000.00 | R12 500.00 | R15 250.00 |
| Koedoe | 21 | R6 900.00 | R1 900.00 | R3 569.00 |
| Rooibok | 104 | R1 150.00 | R650.00 | R900.00 |
| Rooihartbees | 31 | R3 300.00 | R2 900.00 | R3 135.00 |
| Springbok | 90 | R1 175.00 | R600.00 | R690.00 |
| Steenbok | 4 | R1 100.00 | R800.00 | R950.00 |
| Tsessebe | 2 | R15 000.00 | R15 000.00 | R15 000.00 |
| Volstruis | 8 | R1 600.00 | R1 000.00 | R1 400.00 |
| Waterbok | 47 | R8 750.00 | R3 600.00 | R6 175.00 |
| Wit Blesbok | 1 | R500.00 | R500.00 | R500.00 |
| Zebra | 13 | R3 550.00 | R3 100.00 | R3 300.00 |